

Woensdag 23 September

Skrifgedeelte: Ester 5:9-14

Fokusgedeelte: Ester 5:12

Hoogmoed bring jou tot 'n val

Haman was hoogmoedig. Soveel so dat hy selfs teenoor die mense wat hom die beste ken, spog oor dit wat hy het en van ander ontvang het.

Hoogmoed lei egter daartoe dat jy nooit tevrede is met dit wat jy het nie. Daar is altyd nog iets wat jy wil hê. Haman het reeds alles gehad wat hy sou kon kry in die Persiese Ryk. Tog beteken dit vir hom maar min solank as wat Mordegai nog lewe. Dit is hierdie hoogmoed wat veroorsaak dat hy na sy vrou en vriende luister en wat hom, só sal ons in hoofstuk 7 hoor, tot 'n val bring.

Hierdie hoogmoed van Haman laat ons dink aan die uitspraak van ons Here Jesus Christus in Markus 10:31: "Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste." Hoogmoed het tot gevolg dat jy dink dat alles in jou mag is – ook die ewige lewe en ook jou verhouding met God! Dit is wat hierdie ryk jongman in Markus 10:17-31 ook gedink het en juis dit is die rede waarom hy bedruk weggegaan het. Ja, hy het baie besittings gehad en dit was daarin wat sy identiteit en verlossing vir hom gelê het.

Tog is niks vir God onmoontlik nie. Mordegai se benoude situasie het Hy omgekeer en jou en my hoogmoed kan Hy verander in nederigheid, diensbaarheid en gehoorsaamheid op grond van die verlossing wat ons in Christus ontvang het. Deur die Heilige Gees gee God aan ons 'n nuwe hart en 'n nuwe gees; Hy haal die hart van klip uit en gee aan ons 'n nuwe hart, diensbaar in die koninkryk. Dankbaar vir alles wat ons uit sy Vaderhand ontvang.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg)